# Kerk Toe vir die Engele

Waarom gaan jy kerk toe? Hierdie vraag het aktueel geword noudat ons ook in goeie Skriftuurlike kerke moet erken dat kerkgang nie meer vanselfsprekend is nie. In baie gemeentes word die aanddienste swak besoek. Dit lyk asof steeds meer mense voel dat dit genoeg is om een keer op 'n Sondag kerk toe te gaan. Hulle is deur die week al besig genoeg.

Die engele rek as 't ware vanuit die hemel hulle nekke om te kyk hoe God se heilswerk op aarde gestalte kry, wat daar met en in die gemeente op aarde gebeur.

Die beroemde hervormde teoloog A.A. van Ruler het in 1971 'n boek die lig laat sien waarin hy nie minder nie as 21 deurtastende antwoorde gegee het op die bogenoemde vraag[1]. Daar is dus redes om kerk toe te gaan! Ons kategismus hou dit eenvoudiger wanneer dit in Sondag 38 sê dat ons met God se gemeente saamkom 'om die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik, die Here openlik aan te roep en die Christelike liefdegawes te gee'.

Dit is inderdaad die belangrikste redes, maar nie die enigste redes nie. In hierdie artikel wil ek nog 'n argument aanvoer waarom ons kerk toe gaan. Dit is 'n argument wat helaas byna nooit aandag kry nie, maar wat myns insiens volgens die Skrif beslis 'n rol behoort te speel. Ons gaan naamlik ook kerk toe ter wille van God se hemelse dienaars, *die engele*!

## Betrokke dienaars

Ons weet nie so veel van die engele nie. Ons weet wel dat hulle God se lof besing (Jesaja 6:2,3; Lukas 2:13), sy opdragte uitvoer (Eksodus 23:20; Lukas 1:19) en sy kinders beskerm (Psalm 91:11; Matteus 18:10). Minder bekend is dat God se hemelse dienaars ook baie geïnteresseerd is in sy verlossingswerk. Tog praat die Bybel baie duidelik oor hierdie belangstelling van die engele. Die apostel Petrus skryf immers dat die engele begerig is om in te sien in die dinge wat in die gemeente verkondig word (1 Petrus 1:12). Die apostel gebruik 'n woord wat iets beteken soos om nuuskierig vooroor te buig om beter te kan sien. Die engele rek as 't ware vanuit die hemel hulle nekke om te kyk hoe God se heilswerk op aarde gestalte kry, wat daar met en in die gemeente op aarde gebeur.



Dit wat Petrus sê, herinner ons aan wat ons lees oor die twee gerubs wat op die sykante van die ark gestaan het en wie se gesigte na die versoendeksel gerig was (Eksodus 25:20). Die versoendeksel het die belangrikste plek in die tabernakeldiens gehad. Daar het die hele diens 'n hoogtepunt bereik. Daarop het die Here getroon en daarop is die sondebedekkende bloed uiteindelik deur die hoëpriester voor God se aangesig gesprinkel.

Dit is veelseggend dat die gerubs na die versoendeksel *kyk*. Dit wat Israel se oë nie gesien het nie, het hulle gesien! Hulle het gekyk na die wonder van versoening en vergewing. Die hoëpriester het sy hoogste diens verrig ten aanskoue van engele! So het engelfigure by die versoendeksel God se

kinders geleer in watter mate hemelse knegte betrokke is by dit wat die Here vir en aan sy volk doen!

In hoeverre die engele daarin belangstel en oor ons skouers kyk na wat daar met God se volk gebeur, lees ons ook in 1 Korintiërs 11:10, waar Paulus skryf: ‘Daarom moet ŉ vrou ŉ aanduiding van gesag op die hoof hê *ter wille van die engele*.’ Sonder om verder daarop in te gaan, is dit duidelik dat die apostel wil hê dat die vroue in hulle optrede in die gemeente God se orde sal eerbiedig deur hulle hoofde te bedek. As bykomende motief noem Paulus dan God se hemelse dienaars.

> So het engelfigure by die versoendeksel God se kinders geleer in watter mate hemelse knegte betrokke is by dit wat die Here vir en aan sy volk doen!

Ons mag dit wel so lees dat hierdie dienaars daarop let hoe dit in die gemeente gaan (vgl. 1 Korintiërs 4:9) en juis so graag wil ontdek hoe die evangelie ingang vind en mense verander. Wie teen God se orde rebelleer, vergeet dat God se troue knegte ook kyk!

## Voortgang

Deur die eeue het engele God se boodskappe na mense gebring en daardeur aangetoon hoedat hulle dienende geeste is wat uitgestuur word ‘ter wille van die wat die saligheid sal beërwe’ (Hebreërs 1:14). Onder die ou verbond verskyn hulle gereeld in daardie hoedanigheid. Hierdie diens bereik ŉ hoogtepunt wanneer hulle in die volheid van die tyd die evangelie van *Jesus Christus* mag verkondig. Gabriël kondig Jesus se geboorte by Maria aan (Lukas 1:26 e.v.). Dit is ŉ engel wat aan die herders vertel dat die Redder gebore is (Lukas 2:10 e.v.). Ook die evangelie van Christus se opwekking uit die dood word deur ŉ engel aan die vroue verkondig (Matteus 28:5 e.v.). Wanneer die Heiland na die hemel toe opvaar, is dit opnuut hemelse boodskappers wat vir die apostels sê wat gebeur het (Handelinge 1:10 e.v.).

Dit is opvallend dat daar op *Pinksterdag* geen engele is wat die boodskap bring van wat daar in Jerusalem plaasgevind het nie (vgl. Handelinge 2). Handelinge 1 en 2 maak duidelik waarom engele nie meer evangeliepredikers hoef te wees nie.

In die eerste plek is daar die verdere onderwysing wat plaasgevind het toe die opgestane Heer gedurende veertig dae met sy dissipels ‘*oor die dinge van die koninkryk van God gespreek het*’ (Handelinge 1:3). Daardie onderwysing het die leerlinge duidelik meer insig gegee. In die tweede plek is daar die vervulling met die Heilige Gees wat die dissipels self laat praat ‘oor die groot dade van God’ (vgl. Handelinge 2:4 met 2:11). Hierin sien ons dat dit wat die Here beloof het, werklikheid word: ‘*… maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees…*’ (Handelinge 1:8).



Die koms van die Heilige Gees maak van die jong Christelike kerk ŉ *sprekende* kerk. Aan alle onbegrip (vgl. Markus 9:32) en beperking (vgl. Johannes 16:12) kom daar dan ŉ einde. Nou het die leerlinge ‘die salwing van die Heilige’ (1 Johannes 2:20) wat hulle leer ‘aangaande alles’ (1 Johannes 2:27).

Daarom is daar nie meer verkondigende engele nodig op Pinkster nie. Want die Gees is nou by die leerlinge en maak (volgens die profesie van Joël 2) die kerk tot ŉ volk van profete wat die Woord van God ‘met vrymoedigheid’ spreek (Handelinge 4:31). Sekerlik sien ons in Handelinge nog engele wat verskyn om gevangenisdeure te open (Handelinge 5:19), om Filippus na ŉ hofdienaar te stuur (Handelinge 8:26), om Cornelius op Petrus se spoor te sit (Handelinge 10:3), om Petrus te bevry (Handelinge

12:7) en om Paulus te bemoedig (Handelinge 27:23). Maar hulle tree nie meer as *evangeliepredikers* op nie! Dit doen mense nou in die krag van Christus se Gees.

Ons kan hier praat van 'n *heilshistoriese voortgang*. Eindelik het daar 'n einde gekom aan 'n toestand wat tog 'n bietjie van 'n verleentheid was. *God se diensknegte* neem nie meer die voortou as dit gaan oor die verkondiging van God se groot dade nie. Sedert Pinkster bly hulle wat dit betref in die hemel. Want die Gees leer God se *kinders* en open hulle monde. Ons sien in Handelinge 'n *sprekende* gemeente (Handelinge 4:31; 8:4).

## Die rolle omgekeer



Ek het gewys op 'n heilshistoriese voortgang. Dit blyk ook daaruit dat die rolle sedert Pinkster werklik omgekeer is. Waar *diensknegte* voor Pinkster die groot dade van God in Christus (dink aan geboorte, opstanding en hemelvaart) aan God se kinders verkondig het, is dit nou die *kinders* wat God se heilswerk aan die knegte moet oorvertel. Daarvan hoor ons in Efesiërs 3:10 wanneer Paulus as doel van sy apostoliese arbeid noem: '*…sodat nou deur die gemeente aan die owerhede en magte in die hemele die menigvuldige wysheid van God bekend gemaak kan word*'.

Die 'owerhede en magte' moet ons verstaan as *die engele*. Al hoef ons die gevalle engele nie uit te sluit nie, sou Paulus wel God se hemelse diensknegte bedoel het wat immers baie belangstel in God se heilswerk en sy volk.

Die apostel bring ons opnuut (vgl. Kolossense 2:15) onder die indruk van hierdie dienaars: hulle is nie 'engeltjies' nie, maar 'owerhede en magte' (vgl. Psalm 103:20).

Aan hierdie hemelvorste moet *die gemeente* nou God se ryklik geskakeerde wysheid bekendmaak. Paulus gebruik vir 'bekendmaak' 'n woord wat hy ook in sy evangelieprediking gebruik (vgl. Efesiërs 1:9; 6:19). Dit wat die apostel doen, moet die gemeente teenoor die engele doen: God se wysheid in al sy skakeringe ten toon stel. En met die 'wysheid van God' word bedoel die misterie dat die heidene nou met die Jode deel in die heil en sáám kerk van die Here Jesus mag wees (vgl. Efesiërs 3:6). Die krag van die evangelie word nou sigbaar in 'n kerk wat uit álle volke bestaan!

Wanneer heidene en Jode so saam een liggaam vorm (vgl. Efesiërs 3:6b), vertoon hulle die krag van die evangelie en stal hulle God se veelkleurige wysheid voor sy hemelse dienaars uit. Die *bestaan* van die gemeente van Christus is op sigself al magtige prediking vir die engele! Maar ons hoef dit wat Paulus skryf nie te beperk tot die blote *bestaan* van die gemeente nie. Ons mag sekerlik ook dink aan dit wat die gemeente verkondig, bely, sing en doen (vgl. 1 Petrus 2:9). Ook daarin verrig die gemeente 'n diens aan *engele* en maak hulle die wonderlike genadewerk in en aan sy kinders bekend.

## Waarom kerk toe?

Ons het 'n hele ent ver gekom. Ek het hierdie artikel begin met die vraag: waarom gaan jy kerk toe? Ek kom nou daarop terug. Want professor Greijdanus maak by die bekendmaking van God se wysheid deur die gemeente aan die engele ook nog op 'n fyn manier die kantaantekening: 'veral as hulle saam vergader is'[2]. Hierdie kantaantekening lyk vir my baie toepaslik en het tot hierdie artikel aanleiding gegee. Die kerkdiens staan tog in die middelpunt, in die hart van ons lewe as Christus se volk? Daar kom ons as gemeente saam, daar ontmoet ons ons Heer, daar luister ons saam na sy Woord, roep ons Hom saam aan, prys ons sy Naam, ontvang ons sy seën.

Ek het al daarop gewys: daar is baie redes om kerk toe te gaan. Ons gaan in die eerste plek vir *die Here*: Hy wil ons daar ontmoet. Die kerkdiens is allereers erediens: ons is daar om ons God te eer deur te luister na sy stem, deur Hom aan te roep, deur Hom te loof.

Die kerkdiens
staan tog in die middelpunt,
in die hart van ons lewe
as Christus se volk?
Daar kom ons as gemeente saam,
daar ontmoet ons ons Heer,
daar luister ons saam na sy Woord,
roep ons Hom saam aan,
prys ons sy Naam,
ontvang ons sy seën.

Ons gaan ook ter wille van *ons broers en susters* om hulle te bemoedig en te sterk. Dit leer ons naamlik in Hebreërs 10:24-25. Ons het die opdrag om op mekaar ag te slaan om mekaar aan te spoor tot liefde en goeie werke, maar om op mekaar ag te slaan is klaarblyklik iets wat in besonder plaasvind in die gemeentelike samekomste. Ons word vermaan om nie 'die onderlinge samekomste' te versuim nie. Daar staan 'n deelwoord in vers 25. Dit maak dit moontlik om die gedeelte as volg te vertaal: '…en laat ons op mekaar ag gee om (…) aan te spoor *deur* ons onderlinge byeenkoms nie te versuim nie'.

Wanneer ons die gedeelte so vertaal, dan staan die kerkdienste in die middelpunt van die onderlinge pastoraat. Dit is by uitstek die plek waar ag gee op mekaar, mekaar 'opbou' (1 Tessalonisense 5:11), mekaar 'bemoedig' (1 Tessalonisense 4:18), mekaar 'ondersteun' (1 Tessalonisense 5:14), mekaar 'versterk' (Openbaring 3:2) in verkondiging, gebed, belydenis en lied plaasvind, al is dit nie daartoe beperk nie. Maar juis in die kerkdienste beoefen ons die gemeenskap van die heiliges!

Ons gaan ten slotte sekerlik ook kerk toe vir *onsself*. Ons wil nie die ontmoeting met die Here misloop nie. Ons het dit so nodig om telkens weer sy Woord te hoor, sy sakramente te gebruik, sy seën te ontvang, sy lof te verkondig. As ons ernstig is oor wat ons saam met die Kategismus in Sondag 25 bely, naamlik dat die Heilige Gees die geloof in ons harte werk deur die verkondiging van die heilige evangelie en dit versterk deur die gebruik van die sakramente, het ons niks meer nodig om ons te oortuig dat ons ook vir onsself moet kerk toe gaan nie.

Na die voorafgaande sal dit die leser nie verbaas as ek die stelling maak dat ons ook ter wille van *die engele* kerk toe gaan nie. In ons samekomste mag ons God se wysheid in al sy skakerings aan hulle *laat sien* en *verkondig.* Ons mag en moet hulle heilige nuuskierigheid oor die effek van God se heilswerk op aarde te hulp kom deur nou op ons beurt die groot dade van God in Jesus Christus te verkondig in daad en woord. Deur werklik liggaam van Christus te wees en te bely en lof te sing.

## **<u>Ten slotte</u>**



Ek het hierdie artikel nie sonder goeie rede geskryf nie. Daar is 'n kommerwekkende neiging wat ons kerkdienste betref. Baie mense redeneer vanuit hul eie oogpunt: dit moet vir my lekker wees in die kerk, ek moet daar tuis voel, die diens moet my aanspreek, ek moet met 'n goeie gevoel huis toe kan gaan. Dit het sekerlik te make met die aaklige selfgerigtheid van ons moderne tyd. As ons die saak wil beredder, ook wat ons tweede kerkdiens betref, dan sal hier 'n 'vernuwing van ons gemoed' (vgl. Romeine 12:2) moet plaasvind. Ek hoop dat ek 'n bydrae tot hierdie verandering kon maak. Ons gaan kerk toe vir die Here, vir ons broers en susters, vir die engele, en natuurlik ook vir onsself. Maar 'onsself' is nie die belangrikste nie!

As ons dit weer begin besef, sal ons nie maklik wegbly nie: ons mag as *kinders* van God ook sy *knegte* dien. Vroeër het die eersgenoemdes na die laasgenoemdes geluister, nou wil die laasgenoemdes na die eersgenoemdes luister!

AN Hendriks

© 2016
www.christelikemedia.org

*Hierdie artikel is deur Lize Kampman vertaal.*

---

[1] Vgl. A.A. van Ruler, Waarom zou ik naar de kerk gaan?, Nijkerk, 1971.

[2] S. Greijdanus, De brief van den apostel Paulus aan die Epheziërs (Korte Verklaring), Kampen 1949, p.72.